**PERSOONLIKE NOTAS**

Ons word nie weergebore bloot om eendag hemel toe te gaan nie. Ons word weergebore sodat die liefde van Christus hier en nou deur ons lewens sigbaar kan word.

Liefde vir Christus word immers nie eerste gemeet aan wat ons met ons lippe bely nie, maar aan hoe ons mense behandel. *"The proof of the pudding is in the eating!"* Dit is maklik om te sê: *"Here, ek het U lief,"* maar woorde alleen bewys min.

Die egtheid van ons liefde vir Christus word openbaar wanneer ons Sy liefde aan ander bewys. *"We can prove our tender love for our Lord Jesus Christ, only by loving others."*

Liefde is een van die grootste voorregte wat God aan die mens gegee het, maar juis daarom dra dit ook 'n groot verantwoordelikheid. Die liefde wat ons van Hom ontvang, is bedoel om deur ons te vloei na almal wat ons pad kruis.

## Lesing 2: Lewe soos wie jy reeds in Christus is

### Die Groot Identiteitskrisis van die Christen

Een van die grootste probleme waarmee duisende Christene worstel, is nie die gebrek aan liefde vir God nie, maar die gebrek aan kennis van wie hulle reeds in Jesus Christus geword het. Omdat hulle nie hul nuwe identiteit verstaan nie, word hulle maklik beïnvloed deur godsdienstige idees wat leer dat hulle voortdurend moet werk om God se guns te verdien. Hulle leef asof die Christelike lewe hoofsaaklik gaan oor oorleef tot hulle eendag hemel toe gaan, eerder as om nou reeds die lewe van Christus te beleef.

Vir baie mense word die Evangelie gereduseer tot 'n *"paspoort hemel toe."* Die lewe op aarde word gesien as 'n wagtydperk vol frustrasie, mislukking en geestelike tekortkominge. Hulle verwag min van God se werk in die hede en hoop op alles in die toekoms. Maar dit was nooit God se bedoeling nie. Christus het nie gekom om ons bloot voor te berei vir 'n toekomstige bestemming nie; Hy het gekom om Sy lewe nou reeds in en deur ons te openbaar.

### Die Nuwe Natuur wat Jy Ontvang het

Die waarheid van die Evangelie is wonderlik eenvoudig:

*"... sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur ..." 2 Pet 1:3-4*

Met weergeboorte ontvang ons nie bloot vergifnis nie; ons ontvang Sy natuur. En wat is die wese van God?

*"God is liefde."1 Joh. 4:8*

Wanneer God Sy natuur aan ons gee, gee Hy nie bloot nuwe voorskrifte om na te kom nie; Hy gee Homself aan ons. Daarom bestaan die Christelike lewe nie daarin om liefde uit eie krag te probeer vervaardig nie. Soos 'n loot wat sy lewe vanuit die wynstok ontvang, so ontvang die weergeborene sy liefde vanuit sy nuwe Bron, Christus. Wat reeds in hom geplant is, begin geleidelik groei, totdat die liefde van God nie net iets is wat hy besit nie, maar iets wat deur sy hele lewe sigbaar word.

*"Beloved, let us love one another, for love is from God; and everyone who loves is born of God and knows God." 1 Joh. 4:7, NASB.*

Die bewys van weergeboorte is nie bloot kennis nie; dit is liefde wat sigbaar word.

### Geestelike Groei is 'n Proses

Nog 'n belangrike waarheid oor weergeboorte is dat God nie na jou fisiese ouderdom kyk nie, maar na jou geestelike geboorte.

Jy mag agt, agttien of tagtig jaar oud wees wanneer jy Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser aanneem, op daardie oomblik word jy geestelik nuut gebore. En soos enige baba wat pas die lewe binnekom, begin jy jou geestelike reis as 'n baba van God. Niemand word weergebore as 'n geestelike volwassene nie. Deur 'n voortdurende proses van groei, herstel en gemeenskap met die Here ontwikkel jy geleidelik van 'n geestelike baba na 'n kleuter, daarna na 'n jongmens, totdat jy uiteindelik opgroei tot geestelike volwassenheid.

Soos 'n kind leer loop, praat en groei deur daaglikse voeding en versorging, so groei elke Christen deur die Woord, die leiding van die Heilige Gees en 'n verhouding met Jesus Christus. Groei is dus nie 'n gebeurtenis nie, maar 'n reis waarin God ons stap vir stap vorm na die beeld van Sy Seun.

*"En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei." 1 Pet. 2:2*

Die Griekse woord vir **pasgebore** is *"Artigennetos,"* wat beteken: *"nuut voortgebring."*

- Die woord **kindertjies** is *"Brephos,"* wat verwys na 'n baba in die moederskoot of verwys na 'n baba aan die moeder se bors.

- Die woord **onvervalste** is *"Adolos,"* wat beteken: suiwer, onverdun en onbesoedel.

- Die woord **woord** is *"Logikos,"* wat dui op God se wysheid, logika en geestelike rede.

- Die woord **melk** is *"Gala."* Dink aan 'n jong lam wat teen sy moeder staan en drink. Niemand hoef die lam te leer groei nie. Die lewe wat reeds in hom is, reageer eenvoudig op die voeding wat hy ontvang. Binne weke word die verandering sigbaar: die bene word sterker, die liggaam voller en die dier ontwikkel volgens die doel waarvoor dit geskape is.

So werk God ook met Sy kinders. Die weergebore mens dra reeds die lewe van God in sy gees, maar daardie lewe verlang na voeding. Daarom vergelyk Petrus die Woord met suiwer melk. Soos melk die liggaam van die jong dier voed, versterk en laat groei, so voed Christus, die Lewende Woord, die innerlike mens totdat geestelike volwassenheid sigbaar word. Groei is dus nie die gevolg van menslike inspanning nie, maar van voortdurende voeding vanuit die Bron van lewe.

## Die Deur van die Siel

Hoewel Christus deur weergeboorte in ons gees woon, wag Hy nog vir toegang tot ons siel.

*"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop…" Open. 3:20*

### PERSOONLIKE NOTAS

God se **wysheid,** Sy denke en Sy wil word nie bloot in woorde aan ons gegee nie, maar word volkome geopenbaar in die Persoon van **Jesus Christus,** die Lewende Woord. Wanneer Petrus ons aanmoedig om soos pasgebore babas na die suiwer melk van die Woord te verlang, wys hy uiteindelik na Christus self. Hy is die Bron waarna die weergebore mens dors.

Jesus is God se volmaakte uitdrukking van waarheid en wysheid, onbevlek deur menslike redenasie, tradisies of die beperkte logika van die natuurlike verstand. Wanneer 'n mens eers Sy stem begin herken en die vreugde ontdek om Hom persoonlik te ken, verloor die talle ander stemme wat om jou aandag meeding geleidelik hul aantrekkingskrag.

Soos jy groei in jou verhouding met Hom, begin daar iets wonderliks gebeur: die lewe wat reeds in jou gees woon, begin deurvloei na jou siel. Jou denke word vernuwe, jou emosies word genees en jou wil word al hoe meer in harmonie met Sy wil gebring. Hierdie herstel kan nie deur reëls, regulasies of menslike selfverbetering bewerk word nie. Geen hoeveelheid eie inspanning kan die innerlike mens verander soos die teenwoordigheid van Christus dit kan doen nie. Ware verandering is altyd die vrug van gemeenskap met Hom.

PERSOONLIKE NOTAS

Hierdie vers gaan nie hoofsaaklik oor bekering nie, maar oor **gemeenskap.** Die handvatsel van die deur is aan jou kant. Die Here forseer Homself nooit op jou nie. Hy nooi jou uit om die deur oop te maak.

Soos jy Hom toegang gee tot jou denke, emosies, herinneringe en wonde, begin Hy die proses van herstel. Die siel wat lank deur vrees, skuld, bitterheid en verkeerde denke beheer is, begin geleidelik verander.

**Die Dors van die Menslike Siel**

Die Skrif beskryf dat die menslike siel voortdurend dors.

*"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God." Ps. 42:2*

*"o Almal wat dors het, kom na die waters ... Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siele sal lewe ..." Jes. 55:1, 3*

Die menslike siel is geskep met 'n verlange wat die wêreld nooit ten volle kan bevredig nie. Daarom sien ons hoe mense hulle lewens wy aan die najaag van sukses, geld, status, godsdiens, verhoudings of besittings, in die hoop dat een van hierdie dinge uiteindelik die leemte binne-in hulle sal vul. Tog bly daar 'n gevoel dat iets ontbreek.

Die rede is eenvoudig: die siel dra 'n verlange wat geen aardse ding kan bevredig nie, omdat dit sy oorsprong in God het en uiteindelik na Hom terugverlang. Net soos 'n vis nêrens anders as in water sy tuiste kan vind nie, so sal die menslike siel nooit ware rus vind totdat dit in gemeenskap met God leef nie.

Jesus Christus alleen is die ware Bron van lewe. Daarom vind die mens eers vervulling wanneer hy ontdek dat sy diepste behoefte nie in beter omstandighede te vinde is nie, maar 'n dieper verhouding met Christus.

**Christenskap is 'n Leefstyl**

Paulus gebruik die Griekse woord *"Politeuesthai"* om die Christelike lewe te beskryf. Hierdie woord beteken burger, inwoner of iemand wie se leefstyl sy ware burgerskap openbaar.

*"Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees." Fil. 1:27*

Die King James Version vertaal die Griekse woord *"Politeuesthai"* met die woord *"conversation."* Vir die moderne leser skep dit maklik die indruk van bloot praat of gesels, maar die oorspronklike betekenis is veel dieper. Die woord verwys na 'n persoon se hele lewenswandel, sy gedrag, karakter en die manier waarop hy hom daagliks gedra as burger van 'n bepaalde koninkryk.

Christenskap word daarom nie hoofsaaklik bewys deur wat ons met ons lippe bely nie, maar deur die lewe wat ons leef. Ons woorde het waarde, maar dit is ons daaglikse optrede wat openbaar wie werklik op die troon van ons hart sit. Wanneer Christus die middelpunt van ons lewe word, bly Hy nie beperk tot ons gebede, Bybellees of godsdiensaktiwiteite nie; Hy word sigbaar in die manier waarop ons dink, praat, reageer en mense behandel. Die Christelike lewe is uiteindelik die sigbare uitdrukking van die onsigbare Christus wat in ons woon.

**Waarom Vergifnis Onmisbaar is**

Hiermee kom ons terug by die hart van hierdie studiestuk. Ware vergifnis is nie iets wat 'n mens bloot deur wilskrag kan regkry nie, want die wonde wat ander soms in ons lewens laat, lê dikwels dieper as wat menslike vasberadenheid kan bereik.

Daarom is die werk van die Heilige Gees onmisbaar. Soos Hy ons denke vernuwe en ons oë oopmaak vir die waarheid van God se Woord, begin ons mense anders sien. Stadig maar seker kyk ons nie meer net deur die lens van ons eie pyn, teleurstelling of onreg nie, maar deur die oë van God se genade. En wanneer dit gebeur, verander iets diep binne-in ons.

Die persoon wat eens die bron van ons seer was, word nou iemand vir wie Christus ook gesterf het. Dit beteken nie dat die onreg goedgekeur word of dat die pyn ontken word nie, maar dat die liefde en genade van God groter begin word as die wond wat ons gedra het. Juis daar begin die pad van ware vergifnis en innerlike vryheid.

*"Hy is 'n versoening ... vir die hele wêreld." 1 Joh. 2:2*

Wanneer ons begryp dat God deur Jesus Christus die wêreld met Homself versoen het, begin ons anders na mense kyk. Ja, selfs na dié wat ons seergemaak het. Dit word dan al moeiliker om voortdurend aanklaers, regters en skuldinvorderaars te wees.

Onvergewensgesindheid hou immers die pyn van die verlede lewendig. Dit laat die wond telkens oopgaan wanneer ons daaraan dink, daaroor praat of die onreg herhaal in ons gedagtes. Vergifnis daarenteen beteken nie dat ons die seerkry ontken of goedkeur wat verkeerd was nie. Dit beteken dat ons die wond in God se hande plaas en Hom toelaat om te doen wat ons self nie kan doen nie. Waar onvergewensgesindheid die hart gevange hou in die verlede, skep vergifnis ruimte vir die genesende werk van die Heilige Gees, sodat vrede, herstel en ware vryheid weer in die siel kan groei.

**Die Werk van Restourasie**

Die Nuwe Testamentiese begrip van **vernuwing** word goed beskryf deur die Engelse woord ***"renovation"*** of dan restourasie.

**PERSOONLIKE NOTAS**

Iemand het gesê:

*"To forgive is to set a prisoner free and discover that the prisoner was you."*

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed (jou denke), sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." Rom. 12:2*

Die werk van die Heilige Gees strek veel verder as bloot uiterlike gedragsverandering. Hy kom nie net om sekere gewoontes te verbeter of ongewenste optrede reg te stel nie; Hy werk diep binne-in die mens om sy hele manier van dink te vernuwe.

Daarom sê Jesus van die Heilige Gees: *"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei"* (Joh. 16:13). Soos Hy ons in die waarheid van Christus inlei, begin verkeerde denke, vals oortuigings en wêreldse denkwyses plek maak vir die *"mind of Christ."*

Ware transformasie begin immers nie by ons hande of voete nie, maar by die vernuwing van die denke, totdat ons leer om onsself, ander mense en die lewe self vanuit God se perspektief te sien.

Hierdie werk van herstel en vernuwing vind nie outomaties plaas sonder ons betrokkenheid nie. Hoewel dit die Heilige Gees is wat die verandering bewerk, nooi Hy ons om saam met Hom te wandel op die pad van groei. Daarom stel die Skrif dit duidelik in Deuteronómium 30:19: *"Kies dan die lewe..."* Elke dag word ons gekonfronteer met keuses, keuses oor hoe ons gaan reageer en volgens watter stem ons gaan leef. Soms maak ons die regte keuses en soms struikel ons nog onder die invloed van ou denkpatrone en gewoontes. Tog is geestelike groei nie die afwesigheid van foute nie, maar die voortdurende proses waarin ons leer om ons vertroue al hoe meer in Christus te plaas. Soos ons aanhou om in gemeenskap met Hom te leef en ons harte oop te stel vir die leiding van die Heilige Gees, begin die lewe van Christus al hoe meer gestalte vind in ons denke, woorde en optrede, totdat Sy karakter sigbaar word in die manier waarop ons leef.

**Wat Christene eintlik is**

Daar kan baie dinge van Christene gesê word. Hulle bevind hulle in verskillende beroepe, omstandighede en lewensfases. Sommige is leraars, ander sakemense, huisvroue, studente of werkers. Tog is daar iets wat elke ware weergeborene met die ander in gemeen het: hy of sy is 'n draer en vrysteller van die liefde van God. Paulus herinner ons in Romeine 5:5 dat God Sy liefde deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort het. Hierdie liefde is nie bedoel om by ons te eindig nie, maar om deur ons na ander te vloei. Daarom sê Jesus in Johannes 13:34-35 dat Sy dissipels herken sal word aan hul liefde vir mekaar. Ware Christenskap word dus nie in die eerste plek gemeet aan hoeveel Bybelkennis ons het, hoeveel geestelike aktiwiteite ons bywoon of hoeveel geloofsuitsprake ons maak nie. Dit word sigbaar in die manier waarop ons die liefde, genade en vergifnis wat ons van Christus ontvang het, aan ander bewys. Die wêreld sien Christus nie deur 'n preek nie, maar deur 'n lewe waarin Sy liefde prakties uitgeleef word.

**Opsomming**

Vergifnis is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie; dit is 'n leefstyl. Elke keer wanneer ou herinneringe opduik, kry ons weer die geleentheid om saam met God te stem. Om te vergewe beteken nie dat die onreg nooit gebeur het nie. Dit beteken dat ons weier om toe te laat dat die onreg die laaste woord oor ons lewe spreek. Die Christen groei nie deur bitterheid te koester nie, maar deur liefde vry te stel. Soos die Heilige Gees ons denke vernuwe, word ons al hoe meer mense wat ander vryspreek, omdat ons self ontdek het wat dit beteken om volkome vrygespreek te wees in Christus. Die wonder van die Christelike lewe lê daarin dat God ons nie aan onsself oorlaat om hierdie verandering te bewerk nie. Hy verwag nie van ons om deur eie krag beter mense te word of harder te probeer nie. Die Een wat die goeie werk in ons begin het, is dieselfde Een wat dit sal voltooi. Daarom is geestelike groei nie 'n wedloop van menslike prestasie nie, maar 'n voortdurende oorgawe aan die lewe van Christus binne-in ons.

**Besprekingsvrae**

1. Wat is een van die grootste probleme waarmee baie Christene worstel?

2. Wat ontvang ons volgens 2 Petrus 1:3-4 by weergeboorte?

3. Wat is die wese van God volgens 1 Johannes 4:8?

4. Waarom kan ons ander vergewe, selfs wanneer hulle ons diep seergemaak het?

5. Hoe word liefde vir Jesus Christus sigbaar in ons daaglikse lewe?

6. Wat simboliseer die deur in Openbaring 3:20?

7. Wie alleen kan die dors van die menslike siel les?

8. Wat beteken *"Politeuesthai?"*

9. Waarom is vergifnis noodsaaklik?

10. Wat is 'n Christen allereers?

**Besprekings Antwoorde**

1. Onkunde oor hul nuwe identiteit in Christus.

2. Ons word die Goddelike natuur deelagtig.

3. God is liefde.

4. Omdat God ons eerste vergewe het. Wanneer ons besef hoe groot die genade is wat ons in Christus ontvang het, word ons in staat gestel om dieselfde genade aan ander te bewys. Vergifnis vloei nie uit menslike krag voort nie, maar uit die liefde van God wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is (Ef. 4:32; Rom. 5:5).

5. Liefde vir Christus word nie eerste bewys deur wat ons sê nie, maar hoe ons leef. Wanneer ons die liefde, genade en vergifnis wat ons van Christus ontvang het aan ander bewys, word Sy lewe deur ons sigbaar. Ware Christenskap word uiteindelik gesien in die manier waarop ons mense behandel, veral dié wat ons seergemaak het (Joh. 13:34-35).

6. Die siel waartoe Christus toegang wil verkry.

7. Jesus Christus.

8. ‘n Leefstyl wat jou ware burgerskap openbaar.

9. Omdat onvergewensgesindheid ons gevange hou aan die pyn, wonde en onreg van die verlede, terwyl vergifnis die deur oopmaak vir die Heilige Gees om genesing, herstel en ware vryheid in ons harte te bring.

10. ‘n Christen is allereers iemand in wie Christus woon en deur wie Sy liefde sigbaar word. Hy is nie bloot ‘n ontvanger van God se genade nie, maar ook ‘n vrysteller daarvan, sodat ander deur sy lewe iets van die liefde, vergifnis en karakter van Jesus Christus kan ervaar.